

Franco Barnard (12)



My naam is Franco Barnard. Ek is 12 jaar oud en woon in Outeniqua Strand,

Mosselbaai. Ek is in graad 6 in Lighthouse Academy, Mosselbaai.

Ek hou van die see, kamp en aktief wees. Wanneer ek nie gedigte skryf nie, speel ek ook guitar, doen mimiek en doen judo. Ek bou graag my eie ontwerpe en het al my eie krieketskolf, kruisboog, skaatsplank, guitar en nog meer gebou.

Ek hoop om eendag nuwe uitvindings te ontwerp en te bou, musiek en skryf deel van my loopbaan te maak, en om films te maak.

Wat ek liefhet van Suid – Afrika.

Van Grootbrak tot Kaapstad

Van Mosselbaai tot Plettenbergbaai

Van Victoria tot Pretoria

en oor Tafelberg is ek so erg.

Van die sonsopkoms waar my oë groot rek

Na die sonsondergang waar ek my hande na die sterre uitrek

Van Oudsthoorn se volstruis na Mosselbaai se sandsteen huis.

Die land is in my hart,

Met sy vreugdes en smart

As ek dit ooit verlaat, sal ek my hart moet agterlaat.

Ek bly positief

want my land het ek lief.